Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk, met u verjaarsdag!
- Bybelsondag: 17 Augustus 2025
- Webblad het nou 120 000 besoeke
- Tops & Tags het gegroei met 71kg
- Pasta & Kuier oggend, 31 Augustus 2025 om 11:00

LIEF & LEED:

- Tannie Susan Anfield is geopereer om die beenbreuk te herstel. Sy sterk nou aan. Spoedige beterskap word haar toegebid.
- Oom Hannes Venter word maar nog tuis deur tannie Susan versorg. Oom Hannes is maar swak en moet gehelp word. Hy wou en het saam uitgeloop na my motor. Ons bid vir hom beterskap en vir tannie Susan krag toe.

KLOK:

(Kom ons staan vir die toetrede, die toetrede lied ~ VONKK 442: 1-3, die votum, die seëngroet en sang ~

Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

Gesang 478: 1, 3 en 4 op vaste fondamente het God sy kerk gebou)

TOETREDE:
Verlig ons deur u lering, ons vind dit in u Woord. Ons volg U deur bekering ~ ons wat aan U behoort (Gesang 153: 2).

TOETREDE: VONKK 442: 1-3 ~ Ons is tesame.

VOTUM:
Die Here sê: Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.

SEËN:
Genade en vrede vir ons van God, ons Vader, van Jesus Christus, die Here en van die Heilige Gees. Amen.

SANG: Gesang 478: 1, 3 en 4 ~ Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.

Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

GELOOFSBELYDENIS: Kies die lewe

Deur die vrug van die Gees uit te leef, is nie te sê dat ons volmaakte Christene is nie. Ons maak eerder ‘n bewuste keuse om die wet van Christus te onderhou. Deur liefde, geduld, nederigheid en nie groot praterig te wees nie. Paulus skryf dit in sy brief aan die Galasiërs.

Galasiërs 5: 13-26, 2007

13Vriende, God wil hê julle moet vry wees, maar julle
moenie dink julle is vry en dan doen julle die slegte dinge
wat mense graag doen nie. Nee, julle moet lief wees vir
mekaar en julle moet mekaar help. 14Want die boodskap
van al God se wette is: “Jy moet lief wees vir jou naaste
soos jy lief is vir jouself.” 15Maar julle doen dit nie. Julle is
soos honde wat mekaar byt en hap. Julle moet oppas dat
julle nie mekaar op-eet nie!
16Ek sê vir julle: Die Heilige Gees moet julle lewens
regeer. Dan sal julle nie die slegte dinge doen wat mense
graag doen nie. 17Want die slegte dinge binne-in julle
harte wil altyd iets anders hê as wat die Heilige Gees wil

hê. En die Heilige Gees wil iets anders hê as wat die
slegte dinge in julle harte wil hê. Hulle is altyd teen
mekaar. Daarom kan julle nie die dinge doen wat julle self
wil doen nie. 18En as die Heilige Gees julle lewens regeer,
dan regeer die wette nie meer oor julle nie.
19Almal weet wat die slegte dinge is wat mense graag
doen: Hulle lewe onsedelik, hulle slaap by mense met wie
hulle nie getroud is nie, hulle doen wat hulle wil, 20hulle
dien afgode, hulle toor, hulle is vyande van ander mense,
hulle haat ander mense, hulle is jaloers, hulle word maklik
kwaad, hulle stry met almal, hulle maak mense kwaad vir
mekaar, hulle maak mense vyande van mekaar, 21hulle
wil nie hê ander mense moet meer hê as hulleself nie,
hulle drink totdat hulle dronk is, hulle hou wilde partytjies,
en hulle doen nog meer slegte dinge. Ek het voorheen vir
julle gesê en ek sê nou weer: Mense wat hierdie dinge
doen, sal nie die ewige lewe kry nie, die lewe by God, die
Koning.
22Maar as die Heilige Gees mense se lewens regeer, dan
doen hulle goeie dinge: Hulle is lief vir ander mense, hulle
is bly, hulle maak vrede, hulle is geduldig, vriendelik en

goed, hulle doen wat hulle belowe,
23 hulle word nie maklik kwaad nie, hulle bly kalm. Die wette sê al hierdie dinge is goed.
24 Ja, die mense wat aan Christus Jesus behoort, het opgehou om slegte dinge te doen, hulle wil dit nie meer doen nie.
25 Die Heilige Gees het die ware lewe vir ons gegee. Daarom moet ons ook vir die Gees vra om ons lewe te regeer.
26 Ons moenie hoogmoedig wees nie en ons moenie mekaar terg en jaloers wees op mekaar nie.

GEBED:

Gees van God wat lewend maak, vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak, vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer – vorm my tot u eer.

(Gesang 442:2)

PREEK:

Vandag breek ons so bietjie ons reeks preke oor kerkwees en ons beweeg aan na een van Jesus se profetiese gelykenisse. In Matteus 25 gee Jesus drie

Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

profetiese gelykenisse wat die dissipels aanspoor om waaksaam, getrou en barmhartig te wees in afwagting op die Wederkoms.

Ons fokus vandag op die eerste profetiese gelykenis in Matteus 25 naamlik *die gelykenis van die tien meisies*. In hierdie gelykenis word ons deur Jesus self onderrig om fisiek, emosioneel en geestelik waaksaam te wees aangesien die dag van die Here enige oomblik kan aanbreek.

Die vier evangelies in die Nuwe Testament (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) vertel elkeen om 'n eie en unieke manier die verhaal van Jesus se geboorte tot en met sy opstanding. Baie interessant dat die profetiese gelykenis van die tien meisies net in die Matteus evangelie voorkom.

SKRIFLESING: Matteus 25: 1-13, 1983

1 "Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die

bruidegom te gaan inwag. [2]Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig. [3]Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgevat nie, [4]terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het. [5]Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

[6]“In die middel van die nag was daar 'n geroep: ‘Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!’ [7]Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg. [8]Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: ‘Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.’ [9]Maar die verstandiges antwoord: ‘Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie.’

[10]“Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.

[11]“Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop!’ [12]Maar die bruidegom antwoord: ‘Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!’

Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

13“Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie

PREEK:

Hou jy daarvan om te wag? Ek doen glad nie! Ek kry skoon die paparella koors as ek sien ek moet iewers in ‘n lang tou staan en wag. Dit is selfs vir my moeilik om in ‘n tou te staan om kos op te skep. Ek ... hou ... nie ... van wag ... nie!

Die profetiese gelykenis van die tien meisies is ‘n verhaal wat vertel van wag. Dit laat my ongemaklik skuldig voel, maar hierdie verhaal leer ook dat wag nie niksdoen beteken nie. Dit laat my beter voel, want ek besef dat dit nie die wag is wat my uitdaag nie, dit is die lank tyd van niksdoen wat vir my moeilik is. Dit is dus nou nie soseer ek wat nie van wag hou nie, ek hou net nie van niksdoen nie!

In hierdie profetiese gelykenis gaan dit oor die wederkoms van Jesus en dan spesifiek die feit dat die

wederkoms oor ‘n lang tyd nog nie gebeur het nie. Hoe moet ons wat wag op die wederkoms nou maak in die tyd wat ons wag?

Met Jesus se Hemelvaart lees ons weer ‘n keer dat sy wederkoms spoedig sal plaasvind, maar ons is nou reeds 2000 jaar daarna en dit het nog nie plaasgevind nie. Toegegee dat ons ook die dag as ons sterwe sien as ‘n oomblik wat die wederkoms vir my aanbreek. Ook oor hierdie dag sê die Bybel dit kom soos ‘n dief in nag of soos swanger pyne ‘n swanger vrou oorval.

Hoe moet ons daarop wag? In die tyd van Jakobus was daar mense wat absoluut passief op daardie dg gesit en wag het. Hulle het so min as moontlik probeer doen, want hulle wou nie onnodig iets doen en dan kom die Here môre nie. Ook Jakobus waarsku teen so ‘n niksdoen kultuur.

Ons lees dat daar tien meisies is wag op die koms van die bruidegom wag. In die tyd van Jesus het ‘n

huweliksbevestiging heeltemal anders gelyk. Op die oggend van die huweliksbevestiging sou die bruidegom na die huis van een van sy vriende gaan om daar voor te berei. Iewers in die aand sou die bruidegom en sy vriende begin stap in die rigting van die bruid se huis en op pad daarheen sou die dames by die mans aansluit. Dit is presies wat hierdie tien meisies gewag het om te doen.

Musiek en sang was alles deel van hierdie vrolike optog na die bruid se huis. By die huis aangekom sou die bruidegom en al die gaste saam met hom ingaan en die deure sluit. Dit was om ongenooide gaste uit te hou. So terloops, die bruilofsfees het dikwels vir sewe dae aaneen aangehou.

Ongelukkig was die bruidegom om die een of ander rede laat. Hy het die tien meisies met ander woorde laat wag. Eers laat in daardie nag daag die prosessie op. Iemand roep die tien meisies om die bruidegom tegemoet te gaan, maar vyf van hulle besef dat hulle met die gewag aan die slaap geraak het en dat die olie in hulle lampies

opgeraak het. So kan hulle nie die bruidegom tegemoet gaan nie, dit sou hom beledig.

Hulle spartel en spook om olie daai uur van die nag in die hande te kry, en eers baie later kom hulle met die brandende lampies by die deur aan. Dit is ongelukkig te laat vir hulle om in te gaan en die bruidegom jaag hulle weg.

In Jesus se profeties gelykenis word daar vrae gevra oor hoe ek en jy wag op die wederkoms van die Here. Werk ons elke dag daaraan om gereed te wees of raak ons geestelik aan die slaap? Wat sou gebeur as die Here nou kom?

Daar was ‘n keer dat ons hieroor in my eerste gemeente Vaalwater met mekaar gepraat het. Een van die tannies het haar drie volwasse seuns daai selfde Sondagmiddag bymekaar geroep om met hulle hieroor te praat. Net nadat sy met hulle gepraat het, het sy ‘n massiewe hartaanval gekry en is sy oorlede. Ja, die Here kom soos

‘n dief in die nag en ons kan nie bekostig om nie gereed te wees nie.

Dit tref my ook dat hierdie profetiese gelykenis nie gaan oor gelowige en ongelowige mense nie. Hierdie gelykenis gaan oor mense wat hulself gelowig noem, maar gewoon nie in lewe en lewenswyse gereed is op die koms van die Here nie.

Die feit dat my naam nog op ‘n gemeente se gemeente register geskryf staan, maak my nie noodwendig gereed vir die koms van die Here nie. Die feit dat my naam nie op ‘n gemeente register geskryf staan nie, maak my nie noodwendig nie gereed op die koms van die Here nie.

Hierdie gelykenis slaan ons soms hard op die oor, want hierdie gelykenis sê daar is Christene, daar is kerkmense, daar is gelowiges, wat dwaas en onverstandig nie gereed is op die koms van die Here nie.

Dit is wanneer ons geestelik aan die slaap geraak het, omdat ons passief wag op die koms van die Here. Elkeen van ons moet maar in die groot spieël van die Bybel na onsself gaan kyk. Ons moet seker maak ons het nie ook al geestelik moeg en aan die slaap geraak nie. Dikwels as ons te besig raak met die wêreld en die dinge van die wêreld raak ons geestelike moeg en aan die slaap.

Ek en jy het vandag gehoor ons moet nie so wag op die koms van die Here, dat ons geestelik niks of min doen nie.

Amen.

SANG: Psalm 84: 1, 2 en 1

GEBED:

SEËN:
Die God wat vrede gee sal met ons elkeen wees. Amen.

Tekste: Gesang 153: 2; Galasiërs 5: 13-26, 2007; Gesang 442: 2.
Fokus teks: Matteus 25: 1-13, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

# SANG: Gesang 308: 1-5